

12 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 8

As dit in die hemel stil word

Op 8:1-5 beskryf hoe die sewende seël van die boek van God se regering oopgemaak word. Dit is ook 'n troonvisioen, maar verbasingwekkend. Daar heers 'n doodse stilte in die hemel. Die engele en die gelowiges hou hulle asem op, want die engele gaan die oordele van God met trompetgeskal aankondig.

En tog bid die gelowiges. Kyk na die wierookbakke wat vol is van hulle gebede. Die gebede word gemeng met die verdienste van Christus en dan word die bakke op die aarde omgekeer. Daarna voltrek God sy oordele.

Miskien het jy soms gedink dat jou gebede nie belangrik is nie. God reageer op die gebede van sy kinders. Met die oopmaak van die vyfde seël in Op 6:9-11 het die gelowiges in die hemel gevra: Hoe lank nog voordat God die goddeloosheid straf? Ons moet aanhou bid tot die dag van verlossing.

Met die vier trompette (Op 8:6-13) word die skrikwekkende oordele aangekondig. Die natuur word getref met vuur, ook die lewe in die see en selfs die son en maan word geraak. So kry ons hier die bevestiging van wat Jesus in Matt 24 voorspel het, naamlik dat daar voor sy wederkoms verskillende natuurrampe sal plaasvind. Daar vind natuurlik nou al oral in die wêreld rampe plaas: droogtes en oorstromings en aardbewings. Bring dit jou ook tot die besef van jou kleinheid en afhanklikheid van die Here?

Sing: Psalm 68:1

Dr B Duvenage (Emeritus)